VLEESBAAI DIENSTE NPC

VLEESBAAI NUUSBRIEF / *VLEESBAAI NEWSLETTER*

September 2015

Geagte Vleesbaai Eienaar,

Welkom by hierdie uitgawe van die Vleesbaai Nuusbrief. Hierdie nuusbrief het ten doel om u in te lig oor verwikkelinge in Vleesbaai en aangeleenthede wat belangrik is vir die wel en weë van ons stranddorp.

Dear Vleesbaai Owner,

Welcome to this edition of the Vleesbaai Newsletter. The purpose of this newsletter is to inform you of developments in Vleesbaai and of matters that are important for the well-being of our beach village.

VERFRAAIING VAN VLEESBAAI /*UPGRADING OF VLEESBAAI*

Algemeen: Vleesbaai het as 'n dorpie sy ontstaan gehad in die vyftiger jare van die vorige eeu en het sedertdien verskeie toevoegings en transformasies ondergaan met 'n unieke historiese karakter as resultaat. Met Vleesbaai se strawwe weersomstandighede is opgradering en modernisering egter van tyd tot tyd nodig. Die Direksie van VD het nie net die taak om Vleesbaai se infrastruktuur behoorlik in stand te hou en te bedryf nie, maar poog ook om op 'n volhoubare en bekostigbare wyse 'n moderne en verwelkomende beeld van die dorp te bou. Ook die eienaars maak 'n belangrike bydrae hiertoe.

New homes and restorations: *Four new modern houses were built in Vleesbaai recently and many owners upgraded their older homes into attractive beach houses. Gallie Meyer Avenue at the beach front is developing a quaint character because of this.*

Die getypoel: Oor die jare heen het die getypoel vervalle en verwaarloos geraak. Die VD Direksie het op sy Algemene Jaarvergadering van Desember 2014 besluit om die instandhouding van die getypoel oor te neem. Die Bedryfsbestuurder en sy span het sedertdien baie moeite gedoen om 'n skoon en netjiese getypoel vir ons Desember 2015 vakansiegangers en hul kinders gereed te kry. Die foto hier langsaan wys hoe die terrasse pragtig herstel is, drie piekniektafels voorsien is en die omgewing ontbos is (gebruik die "zoom"-funksie van u program om die foto te vergroot).

Vleesbaai ingang: Die ingang na enige dorp bepaal die eerste indrukke wat 'n besoeker van so 'n dorp kry. Daarom is VD tans besig om Vleesbaai se ingang met die waghuis op te gradeer met die bedoeling om 'n meer moderne en keurige beeld van Vleesbaai as stranddorp te skep. Die aansigskets bo in die aanhef van die nuusbrief wys hoe ons besoekers teen Desember hier in Vleesbaai wil verwelkom.

Beach toilets: *The building of beach toilets in the parking area above Middel Avenue was finally approved by all parties involved during the Board of Directors' meeting on 2 January 2015. Since then the project committee has been hard at work in considering various designs in conjunction with the architects and engineer. The sketch on the right shows the preferred design. A cost-effective final design is being considered.*



DESEMBER VAKANSIESEISOEN /*DECEMBER HOLIDAY SEASON*

Verwelkoming: Die Desember vakansieseisoen is om die draai en alle eienaars en hulle families en vriende wat beplan om in Vleesbaai vakansie te kom hou, word hartlik verwelkom. Mag u vakansie 'n ware tradisionele familiefees wees met die beste weer in die beste vakansieplek. Ons dorpie gaan spreekwoordelik uit sy nate bars en daarom word u vriendelik versoek om ons reëls na te kom in 'n gees van bedagsaamheid en welwillendheid teenoor mede vakansiegangers.

Lifeguards: *As usual lifeguards will be arranged for both the south and north swimming beaches during the holiday season. However, please ensure that your little ones swim under the close supervision of an adult. Rip currents occur at Vleesbaai and extra care should be taken to avoid them.*

Aktiwiteite: Een kenmerk van Vleesbaai as 'n vakansiebestemming is die vele aktiwiteite wat beskikbaar is. Om 'n paar te noem: swem in die see en getypoel; daaglikse programme vir kinders deur 'n stranddiensspan; strandsport; branderplankry; kanovaarte; fietsry op talle paaie in die omgewing; die gewilde strandstap na Boggomsbaai of by Kanonstrand; die Tobie staproete vanaf Mosselbaai Punt tot by Gouritsmond; en die 4x4 Duineroete. Verder is hengelplekke volop in die omgewing en bote kan selfs gelanseer word vanaf die noord strand vir seehengel indien vooraf met die Vleesbaai Bootklub gereël. Die kerkdienste elke Sondag en Kersdag in die saal wat so gewild onder families is, sal vanjaar weer gehou word.

Honde op die strand: Op hierdie stadium het ons nog nie uitsluitsel van Mosselbaai Munisipaliteit gekry oor ons versoek dat dieselfde reëlings vir die 2014 vakansieseisoen weer vanjaar moet geld nie. Verlede jaar is honde met leibande en onder streng toesig voor 08:00 soggens en na 18:00 saans op die strand noord van Tarka en suid van Boggomsbaai toegelaat. U word aangeraai om by aankoms op Vleesbaai in Desember by die hoofhek te verneem wat die huidige reëling oor honde op die strand is.

Dogs in our village: *Please remember that Vleesbaai is part of the Fransmanshoek Conservancy that endeavours to protect and promote of our biodiversity. The potential harm that dogs at large can do to our precious animal and bird life in and around Vleesbaai is unacceptable. That is why we have the strict rule that only dogs on a leash and under control will be allowed on the common areas of Vleesbaai.*

Security: *Crime, especially during holiday seasons, is becoming increasingly a problem in Vleesbaai. The proximity of houses next to the Tarka ravine and sea makes it easier for criminals to commit their criminal acts. Although security guards will be employed at night in certain areas, share block companies and home owner associations together with their members are also encouraged to improve and implement security measures in order to protect themselves and their possessions.*

Parkering: Met die groot aantal vakansiegangers in Desember is parkering dikwels 'n probleem. Ongelukkig is daar 'n tendens dat motors, sleepwaens en selfs bote dae lank by die publieke parkeerareas van die kerksaal en Hoofweg geparkeer word. Dit belemmer parkering vir dagbesoekers en persone wat die winkel wil besoek of saalfunksies wil bywoon. 'n Beroep word op vakansiegangers wat op Vleesbaai tuisgaan, gedoen om hul voertuie eerder by hul huise te parkeer.

ALGEMENE JAARVERGADERINGS / *ANNUAL GENERAL MEETINGS*

Aandeleblokke en huiseienaarsverenigings: U word aangemoedig om die Desember algemene jaarvergadering van u huiseienaarvereniging of aandeleblok by te woon wat soos volg sal plaasvind:

Keerom	Maandag 21/12/2015 om 09:00 – kerksaal of Maandag 28/12/2015 om 09:00
Karmosyn	Maandag 21/12/2015 om 14:00 - kerksaal
Hoekbaai	Dinsdag 22/12/2015 om 08:00 - kerksaal
Visbaai	Donderdag 24/12/2015 om 08:00 - kerksaal
Driehoek	Woensdag 23/12/2015 om 10:00 - kerksaal
VAB	Maandag 28/12/2015 om 08:00 - kerksaal
Kloofsig:	Dinsdag 22/12/2015 om 14:00 - kerksaal

Board of directors: *The annual general meeting and director's meetings of the Board of Directors of Vleesbaai Dienste will be held on Saturday 19/12/2015 at 08:00 and Saturday 2/1/2016 at 08:00.*

DAGBESTUUR / *MANAGEMENT COMMITTEE*

Dagbestuurlede met die nodige kundigheid word ingevolge die VD Bestuursmodel deur die Direksie aangestel om na die daaglikse bestuur van VD om te sien. Die Dagbestuur rapporteer en maak aanbevelings aan die Direksie en bestaan tans uit die volgende lede: Eddie Lotz (Voorsitter), Joe Roux (Dagbestuurslid Finansies), Jan de Wet, Martin Pauw, Wyndham Moore (Dagbestuurslid Bedryf) en Carl Serfontein (Sekretaris).

Members of the Management Committee are in daily contact with each other by e-mail and cell phone. It also had a meeting on 20 July 2015. Apart from managing maintenance aspects regarding Vleesbaai's water, electricity, sewage and roads networks, the Committee made the following recommendations to the Board of Directors that were subsequently approved by e-mail voting:

- *Appointment of a company secretary*
- *Submission of the 2015/16 NERSA tariff application*
- *Maintenance of communal roads*
- *Ablution building project*

REKENINGE / *ACCOUNTS*

September rekeninge: Die September 2015 rekeninge vir water- en elektisiteitsverbruik vir die tydperk 1 Februarie 2015 tot 31 Augustus 2015 word eersdaags aan alle eienaars uitgestuur. U word vriendelik versoek om die rekening binne 30 dae te betaal volgens die betalingsinstruksies op u faktuur. Rente teen die huidige koers van 15.5% pj sal op laat betalings na 30 dae gehef word. Die tariewe waarteen u gefaktureer word, is soos volg:

Elektrisiteitstariewe: Elektrisiteitslesings was geneem einde Mei 2015 en einde Augustus 2015. Vir die periode 1 Februarie 2015 tot 31 Mei 2015 ('n siklus van 5 maande) word u kWh verbruik gefaktureer teen R 1.13 (ex BTW) en vanaf 1 Junie 2015 tot 31 Augustus 2015 ('n siklus van 3 maande) word u kWh verbruik gefaktureer teen R 1.68 (ex BTW). Hierdie tariewe word van die verbruiker verhaal teen dieselfde gemiddelde tarief vir die periodes as wat Eskom aan VD gehef het.

Watertariewe: Waterlesings was geneem einde Augustus 2015. Vir die periode 1 Februarie 2015 tot 31 Augustus 2015 word kl verbruik soos volg gefaktureer vir die siklus van 7 maande:

Skaal	kl kwota per verbruiker	R per kl (ex BTW)
0 – 2000 kl	140	R 6.06
2001 – 3000 kl	70	R 8.49
3001 – 4000 kl	70	R 10.92
4001 – 5000 kl	70	R 14.56
5001 – 6000 kl	70	R 18.20
6001 – 8000 kl	140	R 21.85
Bo 8000 kl	Balans van verbruik	R 29.13

Bogenoemde tariewe word van die verbruiker verhaal teen dieselfde tarief as wat Mosselbaai Munisipaliteit aan VD gehef het vir die periode.

Waterverliese bly 'n bron van kommer. Enige waterverliese binne u erf is u verantwoordelikheid en vir u rekening. Alle verbruikers word versoek om toe te sien dat alle krane behoorlik toegedraai is en dat lekkende pype en krane so gou doenlik herstel word.

Annual levy: *You are also reminded that you will receive an invoice for half of the annual levy in November. This arrangement was instituted in 2013 to improve the cash flow of VD.*

INFRASTRUCTURE MAINTENANCE

The unique manner in which Vleesbaai developed as a town historically presents challenges in maintaining the aging parts of its water, electricity, sewage and roads infrastructures. The operations team of VD is constantly monitoring and attending to identified problems. Recently such involved, inter alia, installing

second bulk water meters for all entities, re-laying a main water and sewage pipe-line between Hoekbaai and Keerom, re-laying a sewage pipe-line underneath VAB houses to Gallie Meyer Avenue; upgrading the pumps and switch gear for the main sewage tank in VAB, and replacing worn-out stopcocks in Hoekbaai. All communal roads in Vleesbaai are also being resurfaced at the moment. Water losses in the main water supply-lines of VD and the entities remain a serious concern. The problem is that many leakages do not show surface signs and it may well require technical experts to evaluate the condition of supply-lines.

Home owners are also requested to ensure that no rain water from roofs is drained into sewage down-pipes. Not only does it overload the sewage system, but it also costs money to pump it to the sewage dams.

FRANSMANSHOEK BEWAREA

Vleesbaai is deel van en ondersteun die Fransmanshoek Bewarea en hiermee wil ons graag Vleesbaai inwoners en besoekers bewus maak van wat die Bewarea en sy natuurbewaringsbeamptes bied. 'n Nuwe beampte ('ranger') is pas aangestel in die persoon van Kei Heyns en hy kan gekontak word by 082 084 2791 en ranger@fransmanshoek.co.za. Die Bewarea versprei ook 'n gereelde nuusbrief per e-pos (kontak Kei om in te teken) en bedryf 'n inligtingsentrum in die ou kliphuisie by Fransmanshoek se punt. Belangstellendes word aangemoedig om dit tydens naweke en vakansies te besoek. Die aktiwiteite van die beampte en sy twee assistente sluit die volgende in:

- Patroleer gereeld die strande en kusgebiede om die flora, fauna en voëls wat 'n belangrike aspek van hulle werk is, te beskerm.
- Kontroleer of hengelaars, aasversamelaars en oesterstekers die nodige permitte het en by die reëls hou.
- Verwyder slange by huise in die bewareagebied. Inwoners word versoek om nie die slange dood te maak nie, maar eerder om die bewareapersoneel te kontak wat dit sal vang en elders veilig vrylaat.
- Beklemtoon by huiseienaars en vakansiegangers die belangrikheid om voorsorg teen brande te tref. 'n Ernstige versoek word gerig om nie met die naderende feesgety vuurwerke te skiet of om die sogenaamde Chinese lanterns te lanseer nie. Dit skep 'n ernstige brandgevaar.
- Hanteer aanmeldings van inwoners en besoekers wat onreëlmatighede opmerk.

VLEESBAAI KUIERFEES 10 OKTOBER 2015

Die plaaslike NG Gemeente reël 'n kuierfees vir 10 Oktober 2015 by Riekie van Rensburg se kampterrein. Inwoners en besoekers word hartlik uitgenooi na die fees wat 'n braai-ete, duine staproete, 'brekfis-run' vir motorfietsryers en gesellige saamkuier insluit. Kontak Barry Lottering (082 467 4930/044 699 1034) of Gideon Marais (082 434 3935/044 699 1945) vir meer inligting.

VLEESBAAI DIENSTE KANTOOR / *VLEESBAAI DIENSTE OFFICE*

Your e-mail address please: *In the modern age e-mail has become by far the most convenient and efficient way of communication. You are requested to please supply us with an up to date e-mail address. It will greatly simplify our administration and ensure that you receive all VD communications timeously.*

VD Kantoorpersoneel: Die Finansiële Bestuurder is Mnr Philip Fourie en hy kan gekontak word by 044 699 1242 (werk), 086 511 6993 (faks) of vleesbaai@iafrica.com. Mnr Chris van Zyl is die Bedryfsbestuurder en sy kontakbesonderhede is 044 699 1242 (werk), 083 680 6033 (sel), 086 545 4935 (faks) en vleesbedryf@iafrica.com.

Work on contract: *Home owners may contact the Mr Chris van Zyl for minor or urgent repairs at your premises. You will be billed separately for this.*

Vleesbaai groete/ *Kind regards*

Carl Serfontein
VD Sekretaris / *VD Secretary*
073 620 4155, carl.serfontein@vodamail.co.za